# Resensies / Reviews


- Du Plessis, I. 2003. **God en wetenskap – en ons wat glo.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*J.H. van Wyk*) .......... 169
- De Boer, E.A. 2004. **John Calvin on the visions of Ezekiel: Historical and hermeneutical studies in John Calvin's *sermons inédits*, especially on Ezek. 36-48.** Leiden/Boston : Brill.
  (*V.E. d'Assonville*) .......... 172
- Den Hertog, G.C. 2003. **Hoop die leven doet: Over de samenhang van eschatologie en ethiek.** Apeldoorn: Theologische Universiteit: Koninklijke Drukkerij Callenbach.
  (*J.H. van Wyk*) .......... 175
- Burger, C. 2004. **Soos Jesus ons leer bid het ... Gedagtes oor gebed.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*B.J. de Klerk*) .......... 177
- Landman, C., *red*. 2003. **Leefstyl-Bybel vir vroue.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*W.C. Vergeer*) .......... 178
- Dreyer, D. 2004. **Lééf jou gemeente regtig?** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*B.J. de Klerk*) .......... 180
- Fuller, C. 2003. **Die geheim van geluk in die huwelik is ... egpare wat bid.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*G.A. Lotter*) .......... 182
- Lane, L. 2003. **Die Bybel vir kleingoed.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*H.S. Coetzee*) .......... 184

# Resensies / Reviews

**DU PLESSIS, I.** 2003. **God en wetenskap – en ons wat glo.**
Wellington : Lux Verbi.BM. 199 pp. Prys: R72,95. ISBN 07963 0145 X.

**Resensent:** *J.H. van Wyk*
(Navorser: Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Die vrae oor die verhouding tussen geloof en wetenskap is soos die golwe van die see: dit rol onophoudelik op die strand aan, soms met goeie gevolge en soms katastrofies.

In *God en wetenskap* probeer Isak du Plessis nuwe perspektiewe gee op die eeu-oue vraagstelling in verband met die verhouding tussen kosmogonie, kosmologie en teologie. Hy doen dit allereers om vir homself helderheid te kry, vervolgens om vir sy kinders (en kleinkinders) tot hulp te wees en dan natuurlik vir almal wat in hierdie onderwerp belangstel. Hy skryf vanuit die "basiese uitgangspunt dat God die absolute grondslag is van alles in (sy) lewe en in die wêreld waarin (hy) leef" (p. 10).

Kortliks saamgevat, kan 'n mens sê dat die volgende temas aan die orde gestel word: God (inleiding, Hfst. 1), die skepping van God (Hfst. 2), die beheer van God (Hfst. 3), die kommunikasie (openbaring) van God (Hfst. 4), Jesus (Hfst. 5) en die toekoms (Hfst. 6). (Hoofstuk 6 bevat ook 'n slotdeel oor die gebed, wat eintlik 'n aparte hoofstuk kon gewees het.)

Die skrywer voer aan dat alle mense op soek is na God en in almal is daar – soos Schleiermacher gesê het (maar hy word nie genoem nie) – 'n gevoel van afhanklikheid en onvolmaaktheid (p. 63). Telkens word die versekering gegee dat die skrywer glo in 'n persoonlike God (pp. 31, 37, 56, 88, 93, 95), maar dan 'n God wat volkome anders en uiteindelik onbegryplik is (pp. 26, 98). God se openbaring is vir hom belangrik in sy nadenke oor wetenskaplike sake (pp. 25, 39, 95-101); die Bybel is 'n wegwyser (p. 100), maar dan is (korrekte) Skrifinterpretasie van "kardinale belang" (p. 42).

Du Plessis aanvaar die teorie oor die *Big Bang* (pp. 47-51) en ook die ewolusieteorie verskaf nie veel moeite nie (pp. 36, 62, 63, 165). Die Bybel handel immers oor die feit *dat* God die wêreld geskep het, terwyl die natuurwetenskap verduidelik *hoe* dit plaasgevind het (p. 44). Deurgaans verset die skrywer hom teen enige vorm van fundamentalisme (’n letterlike verstaan van die teks), maar hy wys terselfdertyd ook die modelle van historisme en rasionalisme van die hand (p. 130).

Soms lyk dit of die outeur die verhouding tussen God en sy skepping deïsties verstaan (God as groot Horlosiemaker; vgl. p. 82), net om dit later weer skerp af te wys (pp. 94, 176). Die mees aanvaarbare model word in die panenteïsme gevind (pp. 74-76).

Deurgaans is daar ook ’n duidelike verset teen determinisme (want die mens het ’n vrye wil; vgl. pp. 61, 68, 76, 84), soos byvoorbeeld uit die volgende aanhaling blyk: “God se aktiwiteit in die skepping is gevaarlik en onseker, omdat Hy geen vaste program het waarvolgens alles verloop nie. Elke stap wat Hy neem, is ’n gevaarlike stap in die onbekende.” Die outeur stem saam met A. König (sonder om na hom te verwys) dat God nie sy skepping ten volle beheer nie (pp. 59, 76, 163, 184), net om op krisismomente tog weer daarop terug te val dat God “tog uiteindelik in beheer is” (p. 148) en dat Hy “geheel en al in beheer is van sy skepping” (soos uit sy wonderwerke blyk; vgl. p. 180).

In sy “*Christologie*” – die skrywer is ’n spesialis op die Lukas-evangelie – vind hy sterk aansluiting by die kultuursensitiewe interpretasie van die Evangelies soos deur sy kollega Pieter Craffert voorgestaan (p. 125). Hy volg hierdie soort interpretasie egter nie tot sy volle konsekwensie nie, want hy beskou die aardse Jesus en die verheerlikte Here as identies (p. 114) en aanvaar ook dat Jesus “fisiek” uit die dood opgestaan het (p. 139). Daarom kan hy ook waarsku teen die gevare van die Jesus-seminaar waar die Jesus van die Nuwe Testament en die tradisie afgeskaal word “tot dit wat wetenskaplik en proefondervindelik bewys kan word” (p. 124). Aan die ander kant het hy weer baie hoë waardering vir die studie van Andries van Aarde oor die vaderlose Jesus (pp. 122-124, 127). In die geheel van die boek word daar egter baie min aandag bestee aan die “Christologie” van Paulus en Hebreërs.

Wat die *eskatologie* betref, word tereg gesê dat ons toekoms afhang van ons beskouing van God (p. 153). Oor die na-doodse lewe skryf die outeur met bepaalde huiwering (“ek weet nie wat ná die dood sal gebeur nie” – p. 158). Eintlik is die einde (of Einde) oop (p. 77), maar dis “wel moontlik dat die menslike bewussyn sal voortbestaan

in die een of ander vorm” (pp. 55, 57); daar is wel ’n opstanding, maar hoe daardie opgestane liggaam daar sal uitsien, “bly ’n raaisel” (pp. 149, 153). Die hemel moet ons ons waarskynlik anders voorstel as die gangbare siening (pp. 151-153, 156); die hel is ook nie ’n plek daarbuite nie, maar ’n “werklikheid in hierdie wêreld en in hierdie tyd” (p. 162).

Dit is duidelik dat die skrywer lank en diep oor die problematiek nagedink het. In sy voorwoord meld hy ook dat hy nie ’n “finale antwoord” probeer gee nie. Dis in ons gebroke werklikheid natuurlik ook nie moontlik nie.

Al lesende het ook ’n ander aantal vrae by my opgekom, soos onder andere die volgende:

- Vraag een raak die *metodologie wat gevolg word*. Die skrywer redeneer, om dit so te stel, hoofsaaklik van die natuurwetenskap na die teologie (sy vakgebied) toe, in plaas van andersom. Die gevolg is dat Bybeltekste telkemale redelik konteksloos bygehaal word (soos by fundamentaliste die geval is) en nie organies en kontekstueel ter sprake gebring word nie. So sou byvoorbeeld gevra kon word of ’n mens teologies hoegenaamd sinvol oor die skepping kan handel sonder om minstens Kolossense 1:15-20 en Hebreërs 1:1-14 in jou nadenke daarby te betrek.
- ’n Tweede vraag gaan oor *die gebruikmaking van die Ou Testament* by byvoorbeeld ’n begrip soos *hemel*. So ’n begrip kan tog nie vanuit ’n Grieks-filosofiese agtergrond verstaan word nie, maar kan alleen vanuit sy Ou-Testamentiese agtergrond begryp word. In hierdie verband kan die studie van onder andere C. Houtman, *De hemel in het Oude Testament: Een onderzoek naar de voorstellingen van het oude Israël omtrent de kosmos* (1974) vrugbaar geraadpleeg word. Só benader, kom ons by ’n baie meer realistiese verstaan van die *hemel* uit.
- ’n Derde vraag wat na vore kom, is *of die studie nie mank gaan aan diepgaande filosofiese deurdagtheid nie*. Daar skuil in die volgende uitdrukking net te veel Platonisme om dit met gerustheid neer te skryf: “Miskien is hierdie soeke na God daarin geleë dat die mens se gees ’n stukkie van *God se Gees* in hom omdra. In die mens se gees is daar ’n behoefte om terug te keer na die Gees van God om daarin sy of haar volkome rus te vind” (p. 100). Hierdie uitspraak hang waarskynlik ook saam met die eerder vermelde opmerking in verband met die voortbestaan van die “menslike bewussyn” na die dood (pp. 55, 57).

Die boek lê getuienis af van ’n eerlike worsteling met vrae rondom geloof en wetenskap, vrae wat telkens weer gevra en telkens weer anders beantwoord word. Tereg soek die skrywer ’n pad tussen fideïsme en rasionalisme deur (p. 193), maar of hy in sy soektog geslaag het, is ’n ope vraag. Daar is miskien meer nuwe vrae opgeroep as wat daar op oues antwoorde gegee is.

**DE BOER, E.A.** 2004. **John Calvin on the visions of Ezekiel: Historical and hermeneutical studies in John Calvin’s *sermons inédits*, especially on Ezek. 36-48.** (Kerkhistorische Bijdragen onder redactie van W. Janse, Deel XXI.) Leiden/Boston : Brill. 297 (xviii + 279) pp. Prys: €89/US$111. ISBN 90 04 13183 3.

**Resensent:** *V.E. d’Assonville*
(Geref. Kerke Colesberg & Philipstown
Dept. Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, UV)

Oor die geskiedenis en teologie van die sestiende-eeuse Reformasie verskyn jaarliks heelwat monografieë, veral in Europa en die VSA. Dit is egter minder algemeen wanneer ’n mens jou hande kan lê op ’n monografie wat geklassifiseer kan word as *Grundlagenforschung*, primêre navorsing in die ware sin van die woord. *John Calvin on the visions of Ezekiel* deur Erik de Boer, predikant in Nederland (vroeër ook vir enkele jare in Pretoria) en bekende in internasionale Calvynnavorsingskringe, is só ’n boek, maar ook meer as dit. Hierdie gepubliseerde neerslag van ’n deel van sy proefskrif waarmee hy in 1999 ’n doktersgraad in Genève behaal het, toon hoe teologie en die bediening van die Woord onlosmaaklik met mekaar verbind is.

Op ’n pakkende wyse word die leser se aandag van die eerste bladsy af geboei; terselfdertyd word (tot nog toe) ongepubliseerde bronne uit die sestiende eeu (Calvynpreke uit die jare 1552 tot 1554 oor die profeet Esegiël) op ’n eenvoudige en maklik leesbare wyse ontsluit, wat alles spreek vir De Boer se beheersing van die verskillende vakgebiede wat almal in hierdie studie aangesny word.

Van die vroegste eeue af, deur die loop van die kerkgeskiedenis, het die visioene waarvan ons in Esegiël lees, byvoorbeeld dié oor die dooie beendere wat tot lewe geroep word, (Eseg. 37) of dié oor die nuwe tempel (Eseg. 40 e.v.), gelowiges aangegryp. In *Deel I* van sy

boek skets De Boer op onderhoudende wyse die geskiedenis van die uitleg van hierdie en ander Esegiël-visioene en -profesieë binne hulle direkte en wyere Skrifverband, beginnende by Origenes (185-253/254) wat ongeveer in 240 n.C. in Caesarea (Palestina) oor Esegiël gepreek het. Via die belangrikste Griekse en Latynse Kerkvaders en deur die Middeleeue tot en met die voorgangers en tydgenote van Calvyn gedurende die Reformasie speur hy nie net die sentrale eksegetiese lyne van Christelike Esegiël-eksegete na nie, maar kom ook die Joodse (Rabbynse) uitleg van Esegiël aan die orde. Hierdie benaderingswyse bied insiggewende perspektiewe op die eksegese van die Ou Testament deur die eeue.

Vervolgens doen De Boer in *Deel II* van die boek 'n teologiese en begripsanalise van verskillende verbandhoudende aspekte van "visionary revelation" in die eksegese van Calvyn, met verwysing na visioene in verskillende Skrifgedeeltes, byvoorbeeld Jesaja 6:1-7, Josua 5:13-15 en Handelinge 7:55-60. Die sekondêre literatuur hieroor word breedvoerig behandel. Begrippe soos *figura*, *signum*, *aspectum*, *spectaculum*, *similitudo*, *analogia,* sowel as retoriese kategorieë soos *metaphora*, *parabulum* en *metonymia* word binne hulle verband met *visio* aan die orde gestel.

Daarbenewens gaan De Boer in *Deel II* ook in op die eienskappe van *visioenêre openbaring*. In 'n besondere greep op dié bepaalde genre onderskei hy tussen die volgende aspekte van *visio* as "prophetic performance": "Symbolic acts as visions"; "Performer and public"; "Symbolic acts as prophecy"; "'Visio' as hermeneutic escape"; "Symbolic acts and exegesis". Deurentyd word die primaat van die Woord beklemtoon, soos op p. 160: "To Calvin the power and effectiveness of the symbolic act is in the Word that receives another form in the act, performed by the prophet."

In 'n deeglike, noukeurige ontleding word aangetoon dat "the soul of the biblical visions" vir Calvyn in die *doctrina* berus, "the message God wishes to convey to his prophet" (p. 130). Dit gaan vir Calvyn oor "the absolute superiority of God's spoken Word" (p. 108). Die *doctrina* – "the soul of a vision – is the revelatory contents, the message implied" (p. 108). In aansluiting hierby en ten opsigte van die verhouding tussen *doctrina* en *visio* (waaronder aspekte soos die apokaliptiek, die *cognitio Dei* en die *accommodatio* in God se openbaring) wys De Boer op 'n sentrale grondstelling by Calvyn, soos hy dit in sy kommentaar op die Pentateug uitdruk (by Eks. 33:19): "Die siel (*anima*) van die *visio* is die *doctrina* self, waaruit die geloof groei" (p. 112, vgl. CO 25,109).

In *Deel III* word die eintlike neerslag van De Boer se baanbreke-navorsing gevind. Teen die agtergrond van die algemene geskiedenis van die eksegese van Esegiël (*Deel I*) en in die lig van Calvyn se eie eksegetiese metode en terminologiese oorwegings (*Deel II*) word in hierdie derde en laaste deel van die boek 'n analise gebied van die hermeneutiek grondliggend aan Calvyn se prediking oor Esegiël (36 en) 37-48. De Boer self vat die essensie hiervan soos volg saam (p. 251):

> When all aspects are combined, we could call Calvin's hermeneutics of Ezekiel (and of Daniel) a consequent literal-historical and christological approach, in which the kingdom or the Church of Christ, both in its Old and New Testament phases, is central. For Christ is the centre, unifying the times and the peoples, the times into one history of salvation and the peoples into one Church ...

By al die insiggewende, deeglik wetenskaplik begronde gevolgtrekkings wat De Boer oor Calvyn se hermeneutiek, oor die eksegese van die Skrif en spesifiek van die Ou Testament, oor die kerk, die openbaringsgeskiedenis, die homiletiek en geskiedenisbeskouing maak, lê die waarde van hierdie boek ook daarin dat dit die toon aangee oor hóé daar in die teologie navorsing gedoen behoort te word. Aan die eis aan enige navorser om op selfstandige wyse met die primêre bronne te werk, word konsekwent in hierdie navorsing voldoen, terwyl daar deurgaans metodologies tussen *tydvakke* (en die gepaardgaande historiese agtergrond vir die ontstaan van Calvyn se preke en/of geskrifte – vgl. p. 174) en *genre* (vgl. p. 163) onderskei word – ook en juis in die beoordeling van tekste en in die afleidings wat gemaak word.

De Boer se ontsluiting van primêre, tot nog toe ongepubliseerde manuskripte, deurdat hy nie net sleutelgedeeltes vertaal nie, maar ook die oorspronklike teks in die voetnote transkribeer (vgl. veral *Deel III*, pp. 166 e.v.), wek aptyt vir die kritiese publikasie van die preke self (ook versorg deur De Boer). Laasgenoemde werk sal binne afsienbare tyd in die reeks *Supplementa Calviniana* verskyn. Sy voortdurende positief-kritiese gesprek met die sekondêre literatuur (bv. pp. 174, 176, 183, 231), die insiggewende perspektiewe op verskillende belangrike leerstukke (bv. die *providentia* – p. 255, of die sakramente – sien indeks), sy aantoon van Calvyn se beklemtoning van die grondteks van die Skrif as die toegang tot God se openbaring, die sentrale rol van die prediking as die verkondiging van God se Woord, die afwys van enige spekulatiewe, allegoriese Skrifuitleg, verhoog alles die aktualiteit van die boek.

Belangrike rigtingwysers vir verdere navorsing in grondliggende vraagstellings binne die gereformeerde teologie, sowel bibliologies as homileties, histories en dogmaties, word hier gebied. Ook sal enige leksikale arbeid (in terme van die behoefte aan 'n "Calvyn-woordeboek" wat reeds lankal luid geopper word) oor die algemeen die Reformatoriese gebruik van sleutelbegrippe (soos *visio*, *analogia*, *figura*) en die besondere gebruik daarvan by Calvyn, kennis moet neem van die bevindings in hierdie navorsing.

Calvyn het die Skrif vir die gemeente uitgelê binne die Reformatoriese aksioma dat die teologie 'n eenheid is. Die onderskeiding tussen sogenaamde bibliologiese, dogmatologiese, ekklesiologiese en praktiese vakke (wat uit latere tydvakke, onder meer uit die skolastiek stam) is geen prinsipiële onderskeiding nie en mag ook nie lei tot 'n skeiding tussen die vakgebiede nie. Uit *John Calvin on the visions of Ezekiel* blyk duidelik dat byvoorbeeld die bibliologiese vakke nie tot hulle volle reg kan kom sonder om deeglik onderlê te wees in die kennis van die geskiedenis van die kerk, die teologie en die eksegese nie.

*John Calvin on the visions of Ezekiel* deur Erik de Boer is 'n standaardwerk wat deur geen verdere navorsing oor Calvyn se teologie en in die besonder oor sy hermeneutiek geïgnoreer sal kan word nie. Dit sal raadsaam wees vir enige gereformeerde teoloog, trouens vir enige student van die teologie, om kennis te neem van die navorsingsmetodologie en -resultate van hierdie boek, waarin Calvyn se teologie deur en deur as 'n Woord-teologie getoon word – met respek vir die openbaringskarakter van die Skrif as Woord van God.

**DEN HERTOG, G.C.** 2003. **Hoop die leven doet: Over de samenhang van eschatologie en ethiek.** Apeldoorn : Theologische Universiteit: Koninklijke Drukkerij Callenbach. 41 pp. Prys: €6. ISBN 90-75847-14-9.

**Resensent:** *J.H. van Wyk*
(Navorser: Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit,)

Hierdie boek bevat die intreerede wat die outeur gelewer het by die aanvaarding van die amp van hoogleraar aan die Theologische Universiteit van die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland

op 8 Februarie 2002. Dit is gepubliseer as no. 45 van die *Apeldoornse Studies*.

Die intreerede is in vier dele verdeel. Deel 1 behandel die verhouding tussen die eskatologie en etiek as "kernprobleem" van die etiese diskussie in Nederland die laaste decennia. Hier word veral gekyk na die standpunte van F.O. van Gennep (anti-kontinuïteitsdenker) en G.H. ter Schegget (kontinuïteitsdenker); voorts ook na dié van H.M. Kuitert, wat wegbeweeg het van 'n sterk kontinuïteitsdenker na 'n ewe kragtige anti-kontinuïteitsdenker.

Deel 2 behandel die vraag oor die fundering van die teologiese spreke van die teologie met verwysing na die verhouding tussen eskatologie en etiek. J. Moltmann en G. Sauter (en sydelings M. Luther) word hier aan die orde gestel. Terwyl die toekoms voorrang bo die hede geniet by Moltmann, onderstreep Sauter die finaliteit van God se handelinge in die kruis en opstanding van Jesus Christus.

In Deel 3, "Die Gees as hede van die toekoms", word J.P. Versteeg se pneumatologie kortliks verwoord. Daar is kontinuïteit tussen die hede en toekoms, etiek en eskatologie, want die Gees is 'onderpand', maar daar is ook verborgendheid.

In Deel 4 probeer die skrywer "uitsig" bied op die gestelde problematiek. Hy vind dit in uitdrukkings soos *diskontinuïteit* en *kontinuïteit*, *indikatief* en *imperatief*. Volgens hom is daar samehang tussen eskatologie en etiek.

Die intreerede is helder geskryf, hoewel die "uitsig" breër uitgewerk kon gewees het. Dit is elke outeur se goeie reg om sy gespreksgenote te kies en studieperiode af te baken, maar persoonlik meen ek dat Kuyper, Schilder en Richard Niebuhr vrugbaarder gespreksgenote sou gewees het. En waarom is daar so min verwys na die belangrike werk wat W.H. Velema gelewer het?

Die boek van W. van Bruggen, *Futurum en eschaton: Over de verhouding van het handelen van God en van de mens in de geschiedenis met het oog op de toekomst* (1983. Nijkerk : Callenbach) kon ook benut gewees het. Tog jammer dat Suid-Afrikaanse proefskrifte nie (almal) gepubliseer word nie, anders sou die outeur ook W. Nicol s'n oor *Die betekenis van die eskatologie vir die sosiale etiek* (1984. Stellenbosch : US) kon geraadpleeg het.

Ons sien met verwagting uit na die teologiese arbeid wat Den Hertog nog in die toekoms sal onderneem.

**BURGER, C.** 2004. **Soos Jesus ons leer bid het ... Gedagtes oor gebed.** Wellington : Lux Verbi.BM. 99 pp. Prys: R52,95.
ISBN 0 7963 0196 4.

**Resensent:** *B.J. de Klerk*
(Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Toe Jesus se dissipels Hom vra: Here leer ons bid, doen Hy dit op 'n unieke manier: Hy gee aan hulle 'n nuwe en kragtige gebed, die *Ons Vader*. Oor die krag en inhoud van die gebed is deur die eeue baie geskryf. Ook die Heidelbergse Kategismus en Luther se *Kleine Kategismus* verklaar die *Ons Vader* in aangrypende belydenistaal. Coenie Burger se boekie fokus veral daarop dat hierdie eenvoudige gebed wat Jesus ons leer bid, ons lewens ingrypend kan verander. Hy volg in die hoofstukindeling van sy boek die struktuur van die aanhef en ses bedes van die *Ons Vader,* maar dan op 'n verrassende wyse. Die kern van die aanhef ("Ons Vader wat in die hemel is") en van die ses bedes vorm die temas van die hoofstukke: Gebed as bewuswording van God se teenwoordigheid (die aanhef van die gebed), gebed as aanbidding (eerste bede), gebed as "droom" (d.i. 'n venster om te sien hoe God se koninkryk deurbreek) en voorbidding (tweede bede). Verder ook gebed as oorgawe (derde bede), gebed vir al ons lewensbehoeftes (vierde bede), gebed om vergifnis en vernuwing (vyfde bede) en gebed om bewaring (sesde bede).

Op ons knieë kom ons agter wie God is en sien ons dat Hy meer en groter is as wat ons ons kan voorstel. Daarom is die aanhef so belangrik, want die bidder fokus met hierdie woorde op God en erken daarmee God se magtige teenwoordigheid. Burger beskryf die dinamiese voortgang in die *Ons Vader* met aangrypende voorbeelde uit die Skrif, die geskrifte van bekende teoloë en voorbeelde uit die alledaagse lewe. Een so 'n voorbeeld by die eerste bede, wat oor die aanbidding van God gaan, ontleen hy aan Calvyn. Calvyn het naamlik gesê dat ons in hierdie bede die kans kry om "die aangesig van God te bekyk en te bedink". Wie in die eerste bede by God se heiligheid stilstaan, word in die tweede bede figuurlik geneem na 'n venster om die wêreld te sien en waar te neem hoe God se koninkryk reeds deurbrake maak en finaal sal deurbreek in God se nuwe hemel en aarde. Burger betrek hierby die huidige Suid-Afrikaanse situasie deur met 'n aanhaling van C.S. Lewis te illustreer dat daar tye is waarin die Here ons geleenteid gee om te speel en te geniet, maar ook tye waarin die klok lui en die speeltyd

verby is. Dan is dit tyd om te leer, regstellings in ons te lewe maak en opbouwerk in ons omgewing te doen. Dit is die tyd waarin ons nou leef en al is dit moeilike tye waarin ons nou leef, is die waarde daarvan dat ons geestelik daardeur reggeskaaf word. Coenie Burger skryf inspirerend oor die krag van die gebed om skuldvergewing, want dit plaas die bidder op die pad van lewensvernuwing.

Burger sê dat hierdie gebed, die *Ons Vader*, nie aan ons gegee is as ’n dooie onveranderlike formule vir gebed nie, maar as ’n gepaste raamwerk waarbinne ons God in ons eie woorde uit ons eie hart kan aanroep. Burger se skryfstyl is gemaklik, verstaanbaar, helder en vars. Die woorde wat hy neerskryf, het hy deeglik oordink en sy skryfstyl is dié van ’n getuienis: hy is persoonlik ten volle betrokke by dit wat uit sy pen vloei. Hierdie publikasie is ’n diepgaande gesprek met sy leser en hierdie leser kan ’n jong gelowige of ’n ervare bidder wees; almal sal iets oorspronkliks uit hierdie boek ontvang. Predikante sal geprikkel word deur eksegetiese grepe in die boek en illustrasies wat verdere nadenke stimuleer.

Coenie Burger is ’n teoloog wat voor die gesag van die Skrif buig en wat hom verwonder oor die unieke werking van die Heilige Gees. Tegelyk is hy in sy skryfstyl met sy voete vas op die aarde. Hierdie houding word duidelik deur die lees van hierdie boek oor Jesus wat ons leer bid. Wat ’n mens bybly na die deurlees van die boek is die kinderlike eerbied vir en vertroue op die God tot wie ons bid – ’n ingesteldheid wat straal uit die hart van die skrywer en wat die leser daartoe inspireer.

**LANDMAN, C., *red.*** 2003. ***Leefstyl-Bybel* vir vroue.**

Wellington : Lux Verbi.BM. 1830 p. Prys: R379,95. ISBN 079 630 0429.

**Resensent:** *W.C. Vergeer*
(Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos)

In die literêre kommunikasiegebeure is die skrywer, die teks en die leser belangrike rolspelers. In die geskiedenis van betekenisvorming (hermeneutiek) het ’n geleidelike klemverskuiwing plaasgevind ten opsigte van die posisie en rangorde van hierdie drie rolspelers in die bepaling van betekenis. Aanvanklik is die skrywer as die vernaamste bepaler van betekenis beskou, later is die teks in hierdie verband as outonoom beskou en vir betekenis ontleed, en ten slotte

het daar in die huidige tyd oorweldigend steun gekom vir die gedagte dat dit uiteindelik tog die leser is wat betekenis ontgin.

Hierdie ontwikkeling in die hermeneutiek het nie by die teologie en die Bybelwetenskappe verbygegaan nie:

- Kommentare en Bybels met verklarende aantekeninge van 50-100 jaar gelede het byvoorbeeld vanuit die teks as vertrekpunt probeer vasstel wat die oorspronklike bedoeling van die outeur was. Die omstandighede en teologie van die outeur is as belangrike medebepalers van betekenis beskou.
- Mettertyd het daar egter meer aandag gekom vir die teks as voltooide gegewe. Die woordgebruik en struktuur van die teks is op grammatiese, sintaktiese en ideologiese vlakke ontleed. Parallelle met ander tale, semantiese betekenisvelde en die leefwêreld van die eerste lesers het in hierdie benadering belangrike medebepalers van betekenis geword.
- Vanuit die insig dat verskillende kontekste die hantering en waardering van ’n bepaalde teks dramaties beïnvloed, het daar in die jongste tyd groter sensitiwiteit gekom vir rol van die leser en die konteks van die leser in die ontginning van betekenis.

Die publikasie van ’n *Leefstyl-Bybel vir vroue* sluit waarskynlik aan by laasgenoemde tendens in die hermeneutiek. Vroue en die leefwêreld van vroue is baie duidelik die konteks waarbinne die Bybel in hierdie publikasie ter sprake kom. As sodanig verteenwoordig Die *Leefstyl-Bybel vir vroue* moontlik ’n nuwe tendens van “konteks-Bybels” en sal dit ’n mens nie verbaas as ander soortgelyke publikasies (byvoorbeeld vir mense in die sakewêreld, vir alleenlopers, vir boere ens.) mettertyd beskikbaar gestel word nie.

Is “konteks-Bybels” anders? Bly dit nie maar dieselfde Bybel nie? Die *Leefstyl-Bybel vir vroue* is wel dieselfde Bybel, maar by die gebruik daarvan raak ’n leser gou oortuig dat daar wel ’n verskil is. ’n Mens besef byvoorbeeld skielik dat daar letterlik honderde Skrifgedeeltes is wat spesifiek op vroue betrekking het, maar wat tradisioneel nie prominent gehanteer is nie. Die *Leefstyl-Bybel vir vroue* maak jou oë oop vir hierdie Skrifgedeeltes en ontgin die betekenis daarvan as deel van die res van die Skrif. Sodoende word meer as 100 mites oor vroue (waarvan sommige tradisioneel as “Bybels” geag is) weerlê. Sommige van dié mites is byvoorbeeld dat vroue net daar is vir mans se plesier, dat vroue feitlik passief aan eredienste moet deelneem en dat vroue minder logies en meer emosioneel ingestel is as mans. Veral ook mans kan dus deur die

unieke aanpak en fokus van hierdie publikasie verrassende insigte verkry en groei in hulle verstaan van die Bybel (en vroue!).

Die *Leefstyl-Bybel vir vroue* verteenwoordig egter nie 'n tipe verskuilde feminisme nie. In die geheel beskou, word die leser gelaat met 'n Bybelse uitsig op die vrou as unieke en wonderlike skepsel van God, iemand wat saam met die man in God se genade deel en gelyk met die man die roeping het om God op elke moontlike manier op aarde te verheerlik. Vroue doen dit dikwels op hulle eie treffende wyse en is in vele opsigte voorbeelde en leiers.

In Die *Leefstyl-Bybel vir vroue* word die volledige Bybel as God se Woord gehanteer. Alhoewel daar onder 24 medewerkers vanselfsprekend ook uitsprake is waarmee nie almal sal saamstem nie, geskied die uitleg en verklarings deurgaans op 'n gelowige, sensitiewe en wetenskaplik verantwoordbare wyse. Die mini-Bybelstudies, fokusgedeeltes, kaarte, artikels en verskillende rubrieke plaas klem op die geloofstoerusting wat 'n vrou vandag in die wêreld nodig het. Die praktiese en toepaslike wyse waarop dit geskied, beïndruk.

Die *Leefstyl-Bybel vir vroue* is 'n ware gebruiks-Bybel. Dit is lesersvriendelik, goed versorg en stewig gebind. Woordelyste, naslaangidse, indekse en 'n bibliografie maak die magdom inligting toeganklik en verseker dat hierdie publikasie vir jare waarde en vreugde sal verskaf.

**DREYER, D.** 2004. **Lééf jou gemeente regtig?** Wellington : Lux Verbi.BM. 103 pp. Prys: R52,95. ISBN 0 79630 122 0.

**Resensent:** *B.J. de Klerk*
(Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Danie Dreyer tree in hierdie boek in gesprek met kerklidmate oor die sin van hulle bestaan. Dit gaan nie bloot oor die plek van die kerk in die wêreld van vandag nie, maar oor lewende lidmate wat voor God op sinvolle wyse moet bestaan. Die gesprek word in vyf groot temas verdeel: Die kerk as 'n kerk wat getuig, kerk in 'n nuwe konteks, die gestaltes van 'n kerk wat getuig, ondersteuning en toerusting vir die taak, en 'n missionêre kerk wat leef uit gebed. Hy stel dit baie skerp dat die kerk nie primêr 'n organisasie is wat tot elke prys in stand

gehou moet word nie. Hy skryf met verwondering oor die kerk as ’n uitverkore volk, ’n koninklike priesterdom, die eiendomsvolk van God wat die verlossingsdade van God moet verkondig. “’n Missionêre kerk is ’n kerk met ’n getuienis – ’n kerk wat die betekenis van Jesus Christus se kruis en opstanding werklik verstaan en beleef”. ’n Getuieniskerk gaan nie onder in tye van verandering nie, maar sien verandering as geleenthede om getrou te wees aan sy diens in en aan die wêreld wat sy werksterrein is.

Dreyer kontrasteer ’n institusionele kerk met ’n missionêre kerk: ’n Institusionele kerk dink volgens lidmaatskap, instandhouding en oorlewing, veral op finansiële gebied. ’n Missionêre kerk dink volgens getuienis, groei en oorwinning. Die kerk moet getrou bly aan die boodskap van die Bybel en hom hou aan die gesag van die Skrif, maar moet ook die vermoë hê om die boodskap sinvol in nuwe en veranderende omstandighede te bring, sodat die ontvanger dit reg kan hoor. Hy dui ook aan hoe moderniste en post-moderniste met die suiwer evangelie bedien kan word. Ook beskryf hy die gestaltes van ’n kerk wat getuig: dit is ’n kerk wat aanvaar dat die kultuur waarin hy leef ’n sendingsituasie is, wat die hoofklem lê op die kerk se verhoudingsgerigte aard, veral ten opsigte van die verhouding met God in Christus. Hierin moet die leraar en ander geestelike leiers in die gemeente na vore tree en in ’n tyd van verandering aandui wat God se roeping vir die kerk in die wêreld is. ’n Missionêre gemeente het die aard van dienende getuienis in die wêreld. Dreyer beskryf baie raak hoe lidmate van die geïnstitusioneerde kerk dikwels weinig betrokke is by kerklike bedrywighede weens hul werkweek van 55+ werkure per week. Hulle is uitgebrand weens werkdruk. Lidmate kom kerk toe om bedien te word eerder as om diens te kom lewer. Hulle eis hulle vrye tyd oor naweke jaloers op vir hulle gesin. Binne so ’n gemeentelike opset kom weinig van ’n spontane missionêre bediening tot sy reg.

Ook die soort van teologiese opleiding wat gegee word, word aangeraak. Dreyer vra die vraag: Hoe berei teologiese opleidingsinstansies studente vir veranderings in die bediening voor? Hy pleit dat kerke moet besin oor die aard van hulle teologiese opleiding om te kan funksioneer as kerke met ’n missionêre gerigtheid. Vir Dreyer is gebed die vertrekpunt van enige gemeentelike reformasie en vir sy beplanningsproses.

Dreyer toon duidelik aan dat kerkmense vandag in ’n missionêre situasie leef wat roep om ’n missionêre kerk wat in sy wese ’n getuigende en dienende instrument in God se hand sal wees. Die waarde van die boek lê in die beklemtoning van die feit dat geen

gemeente ter wille van oorlewing bestaan nie, maar ook en veral moet fokus op die verloregaande en lydende wêreld waarin God ons geplaas het. Die roeping van die gelowige is om dienswillige getuies vir Christus te wees in 'n wêreld wat soek na sin en hoop. Die studie sou nog meer verryk kon word as die lyne skerper en met praktiese voorbeelde na die praktyk deurgetrek kon word. Soms word die belangrike tema dat die kerk van institusionalisme en formalisme bevry moet word, te veel herhaal, sonder om konkrete riglyne hiervoor aan gemeentes te gee. Die doel van die boek is egter om 'n gesprek oor hierdie onderwerp aan te wakker sodat gemeentes self kan evalueer of hulle werklik leef. In die gesprek sou lidmate in hulle eie omstandighede hulle missionêre identiteit praktyk kon maak, maar rigtingwysers hiervoor sou die gesprek kon bevorder.

Die boek is bedoel vir lidmate wat werklik kerk van Christus wil wees, veral vir predikante, kerkraadslede en ander geestelike leiers in die gemeente. Daarom is die kort opsomming van temas aan die begin en gespreksvrae aan die einde van elke hoofstuk nuttige hulpmiddels. Die boek werk vanuit 'n reformatoriese raamwerk en honoreer die gesag van die Skrif en die uitgangspunte van die gereformeerde belydenis.

**FULLER, C.** 2003. **Die geheim van geluk in die huwelik is ... egpare wat bid.** Wellington : Lux Verbi.BM. 215 pp. Prys: R79,95. ISBN 0 7963 0160 3. (Oorspronklik gepubliseer in Oregon, VSA en daarna uit Engels vertaal.)

**Resensent:** *G.A. Lotter*
(Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie boek bestaan uit 31 hoofstukke wat 'n vaste patroon volg: eerstens die weergawe van 'n ware verhaal oor wat gebed vir bepaalde egpare beteken het; daarna 'n Skrifgedeelte gevolg deur "motiverende aanhalings" en laastens 'n gebedsoefening wat die paartjie self (of individuele persone) kan toepas. Tussendeur word stukkies wysheid oor gebed en die huwelik aangebied in 'n afsonderlike raampie. Hierdie bladuitleg verhoog die impak van die kerninhoud én verhoed ook dat te veel geskrewe teks op die bladsy gedruk word.

Dit is duidelik dat Cheri Fuller nie alleen vertroud is met aspekte van gebed en dit wat daarmee gepaard gaan nie, maar dit ook prakties in haar eie lewe uitleef. Sy het reeds meer as dertig boeke oor gebed en ander verwante sake geskryf en is ’n gereelde medewerker van *Focus on the family* en gesinsgerigte organisasies.

Die boek lees maklik – waarskynlik omdat dit in verhaalvorm aangebied word en ’n mens telkens kan identifiseer met die persone wie se lewens beskryf word. Alhoewel die inhoud hiervan uiteraard die Amerikaanse konteks weerspieël (met enkele ander verwysings soos die verhaal van die Russiese egpaar), is baie van die situasies dinge wat in *enige gesin* kan gebeur: mense wat sukkel om in nuwe omstandighede aan te pas, ander wat kinderloos is en bid vir ’n baba, nog ander wat met groterwordende kinders se probleme worstel en ’n velerlei ander scenario’s.

Die indruk wat ek gekry het, is dat die skrywer se aanbieding van die verhaalstof Bybelgetrou is. Ook verduidelik sy verskeie fasette van gebed sonder om te dit “akademies” te maak. Een van die sterk punte van die boek is dat lesers kan leer hoe om hulle *eie* gebedslewe aan te pas in moeilike omstandighede. Ook kan hulle insig verkry in eksterne faktore wat inwerk op hulle lewe en spesifiek hul gebedslewe.

Dis verblydend en troosvol om te hoor wat gebed vir ander mense beteken het (veral egpare wat saam bid) en as gelowige weet ’n mens dit is wat kan gebeur wanneer daar gebid word: dat gebede verhoor word en dat mense wat allerlei krisisse het, daardeur kan kom na gebedsverhoring.

Die enigste saak wat ’n steurend is, is dat ’n mens soms die indruk kry (soos by sommige Amerikaanse skrywers) dat die “sukses-verhaal”-motief té sterk is: ’n mens kry die indruk dat byna almal oor wie geskryf word, suksesvol was nadat hulle gebid het; dat alle gebede verhoor is en dit beter gaan met hulle na die tyd. Dit is natuurlik so dat gebede dikwels op *ander* wyses verhoor word as wat mense dit self beoog.

Oor die algemeen word hierdie publikasie aanbeveel – nie net vir egpare wat probleme het nie, maar vir alle egpare wat erns wil maak met hulle (gesamentlike) gebedslewe. Dit is duidelik dat ’n kragtige gebedslewe ook die gesins- en familielewe ten goede kom.

**LANE, L.** 2003. **Die Bybel vir kleingoed.** Geïllus. deur G. Chapman. Wellington : Lux Verbi.BM. 62 p. Prys: R69,95. ISBN 0 7963 0116 6.

**Resensent:** *H.S. Coetzee*
(Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord)

*Die Bybel vir kleingoed* bied homself aan as ’n kleurvol geïllustreerde boek vir kinders in grootdruk. Dit bied 60 Bybelverhale wat in ’n gemaklike vertelstyl geskryf is. Elke verhaal beslaan ongeveer een bladsy en die verhaal word aangevul met kleurvolle illustrasies. Uit die Ou Testament word 34 verhale vertel en uit die Nuwe Testament 17 verhale.

Die gevaar van die oorvertel van Bybelverhale is dat die verhaal bloot oor mense en hulle goeie hoedanighede handel. Dié slaggat word egter effektief vermy deurdat die teenwoordigheid en die dade van God op ’n gemaklike manier in die verhale vervleg word. Die verhale is Bybelgetrou.

Hierdie boek kan nuttig gebruik word deur ouers wat vir hulle kinders die verhale uit die Bybel wil voorlees en dalk selfs deur kinders wat pas begin lees. Leerkragte in kerke, wat betrokke is by die onderrig van voorskoolse kinders, sou hierin ’n handige hulpmiddel vind.

Die opskrif van die boek, *Die Bybel vir kleingoed,* spreek vanself, maar juis dit kan tot verwarring by kinders lei. Kinders en ook kleiner kinders het tog nie ’n ander Bybel as ander mense nie. Selfs al is dit nie die bedoeling van die outeurs nie, versterk dit die persepsie dat die Bybel te moeilik vir kinders sou wees en kinders dus hulle eiesoortige Bybel moet hê. Indien daar volstaan is met 'n titel wat sê wat die boek eintlik is, naamlik verhale uit die Bybel, sou dié verwarring vermy kon gewees het.

Oor die afbeelding van Jesus Christus in die illustrasies sal daar altyd verskil van mening wees. Dit bly ’n probleem om Hom anders af te beeld as die ander mense in die ander verhale. Die Goddelikheid van die Here kan tog nie in tekenprente uitgebeeld word nie.

Ewenwel, ek kan die boek met groot vrymoedigheid aanbeveel; nie as ’n plaasvervanger vir die Bybel nie, maar as hulpmiddel om die kind en ouer na die Bybel toe terug te neem en die verhale van God se openbaring in en deur die lewens van die figure in die Bybel vir kinders lewendig te maak.